



+27 (0) 12 335 6994

+27 (0) 12 335 1059

+27 (0) 83 611 0467

www.wrsa.co.za

23073 GEZINA 0031

381 Booyesen Street/Booyesenstraat 381, ELOFFSDAL, 0084, Pretoria

Reg No: 2006/010722/08 VAT/BTW No.: 4200 228 098



Pretoria: 5 Desember 2019: Wildbedryf Suid-Afrika (WRSA) het kennis geneem van die beheermaatreëls soos aangekondig deur die departement van landbou, bosbou en visserye in 'n staatskoerant van 4 Desember 2019. Hierdie maatreëls sluit 'n verbod in op die regstreekse veiling van diere met gesplete hoewe en ook in ander gevalle in die hele Republiek van Suid-Afrika waar diere met gesplete hoewe fisies na 'n stuk grond of eiendom gebring word vanaf twee of meer plekke van oorsprong sodat die diere na twee of meer nuwe bestemmings gebring kan word. Die doel van die beheermaatreëls is om die verspreiding van die bek-en-klouseer (FMD) virus te voorkom deur versamelings van lewendige diere met gesplete hoewe.

WRSA is van mening dat die totale verbod op veilings voorkom kon gewees het as daar sigbare polisiëring en kontroles in die gebiede wat direk geraak word, plaasgevind het onmiddellik nadat die uitbraak bevestig is. Na ons wete is, buiten dat die besmette eiendomme en onmiddellike naburige eiendomme onder kwarantyn geplaas is, geen bykomende maatreëls ingestel is nie, soos die sluit van paaie wat uit die besmette distrikte lei om voertuie te stop en te ondersoek vir vleis of diere met gesplete hoewe en die nodige stappe wat geneem moet word waar toepaslik. Dit beteken effektief dat gewetenlose vee-eienaars diere uit die besmette gebiede kon verskuif na kopers wat nie verseker dat hulle by skoon kuddes koop nie.

Dit is belangrik dat die volle omvang van die uitbraak binnekort bekend moet wees en ons vertrou dat die verbod op alle veilings in Suid-Afrika opgehef word voordat die 2020-veilingseisoen begin. Die resultate van 'n vooraf opsporingsproses van alle diere uit die betrokke gebiede wat op veilings verkoop is, sal baie help om die situasie op te los.

In die geval van wildboerdery, pas private buffel-eienaars reeds streng biosekuriteitsmaatreëls toe voordat hulle buffels skuif. WRSA onderskryf die ontwikkeling, implementering en handhawing van biosekuriteitsbeleide en dat strengere bewegingsmaatreëls vir beeste ingestel moet word.

Ons is bewus daarvan dat die presiese gebiede van uitbrake nie algemeen bekend is nie en dat buffel-eienaars in die betrokke distrikte uiters bekommerd is en versoek dat die spesifieke gebiede duidelik geïdentifiseer moet word. WRSA dien in die FMD tegniese taakspan van die departement en die Nasionale Dieregesondheidsforum, wat weekliks vergader en sal hierdie dringende versoek aan die forum rig.

Intussen doen ons 'n beroep op alle wildboere om te verseker dat hul biosekuriteit op standaard is om hul vee, bates en beleggings te beskerm deur die strengste biosekuriteitskontroles moontlik te maak, gegewe die situasie en kapasiteit van die individuele plaas. Ons beveel sterk aan dat boere 'n stelsel van interne kwarantyn implementeer deur nuwe diere op hul plase vir 21 tot 30 dae, ten minste 100-meter van die bestaande plaasdiere af weghou. Verder moet basiese aksies soos die ontsmetting van enige voertuig en/of personeel wat uit die besmette gebiede kom, noukeurig uitgevoer word.

Die voorgestelde biosekuriteitsriglyne vir FMD soos opgestel deur die Nasionale Dieregesondheidsforum en die departement is ook aan WRSA-lede versprei en is beskikbaar op die WRSA-webwerf by www.wrsa.co.za.

CEO/HUB: A Kitshoff-Botha,

President: T Mogashoa, **Adjunkpresident/Deputy President:** W vd Linde

Direkteure/Directors: NJ Adami, DJ Cunningham, ER Davey, A Douglas, M Gcabo,
G Heyneke, Dr T Lesoli, J Malan, JL Pretorius, L van der Watt